

Titus 2:1-15 ? Gesonde leer

Paulus begin die hoofstuk met die klem op die **gesonde leer** (hugainoo didaskalia). Hiermee bedoel hy nie soseer die sistematiesing van die Christelike geloof wat ?n mens aan ?n kweekskool of universiteit sou leer nie, maar eerder die praktiese toepassing van die geloof, waarin hulle deur Paulus onderrig is. ?n Mens sou ook daarvan as dissipelskap kon praat, as't ware die praktiese implikasies van jou geloof in Jesus Christus.

Let op hoe hy hierdie praktiese toepassing van die geloof uitspel vir dieselfde groepe as wat hy in 1 Timoteus 5:1-2 en 6:1-2 ook genoem het: ouer mans, ouer vroue, jonger vroue, jonger mans en slawe. Die geloof moet dus praktiese gestalte kry in ?n verskeidenheid van sosiale groeperinge.

En let veral op dat sy motivering vir hierdie opdrag lê in **die impak wat dit sal hê op mense wat nog buite die gemeente staan**. ?n Lewe wat in ooreenstemming met die gesonde leer geleef word, sal:

- die woord van God nie in diskrediet bring nie (2:5), - die teenstanders in verleentheid bring dat hulle niks slegs sal kan sê van Christene nie (2:8) en - die aansien van Jesus Christus verhoog (2:10).

Om dit te kan regkry, moet Titus nie net praat daaroor nie, maar as voorbeeld vir hulle wys hoe.

Let ook op hoe Paulus ? weereens soos hy in 1 Timoteus geskrywe het ? ?n verdere motivering vir hierdie opdrag gee deur na God se werk in die verlede te wys, sowel as na wat in die toekoms vir ons wag. God se doel met ons is om ons van alle ongeregtheid vry te maak, van ons sonde te reinig, sodat ons nie net aan sy volk kan behoort nie, maar ook ywerig sal wees om die goeie te doen.